

Werk saam

SSK

Wen saam

WENAKKER

NUUSBRIEF • NEWS LETTER

"Doen wat jy moet doen, so goed jy kan en laat die res aan die Here oor." Fanie Joubert, Riversdal (1950-2019)

SSK: A CO-OPERATIVE FOR ALL THE RIGHT REASONS

It was Paul Kruger that said: "Take that which is noble from the past and build the future thereon". The SSK co-operative model dates back to 1931 and today in 2019, remains steadfast and stronger than ever before.

The Prime Minister of South Africa in 1930, General J. B. M. Hertzog, called for the creation of the Suid-Afrikaanse Sentrale Koöperatiewe Graanmaatskappy (South African Central Co-operative Grain Company) in 1930, as a response to the need for resources by South African farmers.

The system of co-operatives was subsequently first established in South Africa, by the then Minister of Agriculture, General Jan Kemp. On 15 July 1931 the first founders meeting was held to start

the co-operative then known as the Swellendamse Boere Koöperatiewe Vereniging (Swellendam Farmers' Co-operative Society) and the rest, as they say, is history in the making.

Nelson Mandela, in 1994, stressed the importance of, what he called "co-operative governance" and Thabo Mbeki reiterated this in February 2003 when he said: "The development and support for small and medium business and the co-operative sector remains a priority for government".

We at SSK, know from experience, that farmers prefer to be part of a grouping in which they retain full control of their businesses. Agricultural producers have always had the need for, and trust in the co-operative model and that is why it

remains the most appropriate form of ownership to promote the interests of its members. SSK's motto of "Work together, Win together", underlines the principle that the result of coöperation is better than the sum of individual achievements.

An agricultural business that wants to remain relevant in 2019, has to stay ahead and well ahead at that.

Donning the trusted co-operative shoes, we at SSK believe that we will face this challenge with distinction.

-Annelie van Wyk



LEERDEERS PRESTEER BY SSK

SSK huisves die afgelope paar jaar gereeld studente van Suid-Kaap Kollege, wat praktiese internskappe van 12- tot 18 maande na voltooiing van hulle teoretiese eksamen, hier doen. Die studente lewer werk van hoogstaande gehalte en word gereeld ná voltooiing van hul internskappe permanente posisies by SSK aangebied.



Foto's: Laetitia Du Plessis

Mosselbaai: v.l.n.r. Albertia Brandt (Menslike Hulpbronne), Marion Sinkfontein (Aankope), Angie du Preez (intern), Sannette Jansen (Aankope), Onnae Dick (Krediteure), Jessie Bothman (Finansies), Bianca Brummer (Krediteure) en Annelie van Wyk (Senior Bestuurder: Bemaking en Kommunikasie).



Swellendam: v.l.n.r. Evaine Hartnick (Versekering) en Betinea London (Menslike Hulpbronne)

www.ssk.co.za

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling en rekening- en transaksie inligting.

Please visit and like our SSK Facebook page and follow us on Twitter to keep up to date with news and events in our area.



DIE 2019 GRAANSEISOEN

SSK het vir die 2018 oesjaar, 199 712 ton graan ontvang, teenoor 216 514 ton vir die ooreenstemmende tydperk in 2017. Die 2018 oes was dus weereens 'n swak oesjaar in vergelyke met die vorige jaar.

Die oesjaar het afgeskop met baie droë toestande in die SSK bedieningsgebied en dit was al van vroeg af duidelik dat ons 'n ondergemiddelde oesjaar kan verwag, met selfs geen oes in die Riversdal- en Albertinia distrikte.

Daar was gelukkig sekere dele, soos die Swellendam distrik, waar die opbrengste gemiddeld tot bo-gemiddeld was, danksy 'n goeie bui reën of twee in laat Augustus en begin September. Oor die

algemeen was die oes opbrengs egter heelwat swakker, veral by gewasse soos koring en canola.

In teenstelling met die swak opbrengs, was die kwaliteit van die oes egter weer baie goed. Koring grade was beter as die vorige jaar en meer as 67% van alle koring ontvang was B1 grade. Moutgars kwaliteit was oor die algemeen ook goed, ten spyte van hoë stikstof teenwoordig by van die vroeë moutgars.

Skepel massas op hawer was egter laer vanjaar, wat 'n groter volume voerhaver gerealiseer het. Die meerderheid van SSK se silo's was onderbenut, behalwe vir Swellendam wat goeie ontvangstes getoon het.

Dit was dus duidelik dat die droogte 'n wesenlike impak gehad het op die ontvangstes van SSK se silo's vanaf Heidelberg met die N2 op tot Albertinia en Mosselbaai.



Alhoewel ons 'n swakker oes ontvang het as in 2017, is ons dankbaar, aangesien ons op 'n gegewe moment geen oes verwag het nie.

Ons hoop en vertrou dat 2019 weer 'n uitsonderlike oesjaar gaan oplewer.

- Henry Gale
(Senior Bestuurder: Graan)



Hieronder volg die lewering per depot en lewering per graansoort:



SSK SAADPRYSE 2019

	SAK-GROOTTE	PRYS PER SAK	PRYS PER KG
KORING			
SST 027	50 kg	R 400.00	8.00
SST 056	50 kg	R 400.00	8.00
SST 015	50 kg	R 400.00	8.00
SST 087	50 kg	R 400.00	8.00
SST 88	50 kg	R 400.00	8.00
SST 0127	50 kg	R 400.00	8.00
SST 0117	50 kg	R 400.00	8.00
SST 0147	50 kg	R 400.00	8.00
SST 0166	50 kg	R 400.00	8.00
RATEL	50 kg	R 400.00	8.00
GARS			
SKG 9	50 kg	R 560.00	11.20
SSG066V	50 kg	R 355.00	7.10
S 9	50 kg	R 355.00	7.10
ERICA	50 kg	R 355.00	7.10
S 12	50 kg	R 355.00	7.10
S 14	50 kg	R 355.00	7.10
S16	50 kg	R 355.00	7.10
CANOLA			
HYOLA 350 TT	25 kg	R 7 950.00	318.00
HYOLA 555 TT	25 kg	R 7 740.00	309.60
AV - GARNET	25 kg	R 2 950.00	118.00
ALPHA TT	20 kg	R 5 950.00	297.50
AGAMAX	20 kg	R 1 500.00	75.00
44Y90	20 kg	R 7 340.00	367.00
45Y91	20 kg	R 7 446.13	372.31
HYOLA 559 TT	20 kg	R 5 980.00	299.00
HYOLA 650TT	20 kg	R 5 980.00	299.00
HYOLA 50	25 kg	R 7 740.00	309.60
BELINDA	10 kg	R 2 646.00	264.60
44 Y 89	20 kg	R 7 340.00	367.00
HYOLA 577 CL	20 kg	R 5 980.00	299.00
CB ATOMIC	20 kg	R 5 400.00	270.00
TANGO	20 kg	R 5 100.00	255.00
DIAMOND	20 kg	R 5 300.00	265.00
KOROG			
US 2014	50 kg	R 386.00	7.72
AG-BEACON	50 kg	R 420.00	8.40
AG-MARCELL	25 kg	R 290.00	11.60
AG-BENTLEY	25 kg	R 290.00	11.60

SAADBEHANDELINGS

Die volgende standaard behandelings word onderskeidelik op Koring, Gars en Hawer gedoen:

- Koring - Orius Beheer teen Stinkbrand en Losbrand
- Gars - Redigo Beheer teen Bedekte brand en Losbrand
- Hawer - Shavit Beheer teen Losbrand
- Seedoprid Behandeling word op versoek van produsente op Koring, Gars en Hawer gedoen teen R55/50kg sakkie.
- Biocult Behandeling word op versoek van produsente op Koring en Gars gedoen teen R45/50kg sakkie.
- Galmano Behandeling word op versoek van produsente op Koring gedoen teen R175/50kg sakkie
- Seedoprid - Beheer teen Russiese Plantluis
- Beheer van Russiese Plantluis kan vir 8 tot 10 weke verwag word, afhangende van voldoende grondvogvlakke om die opname van **Imidakloprid** te bevorder.
- BIOCULT is 'n mikrobiële grond inokulant wat wortelgroei stimuleer, opbrengs en kwaliteit verhoog.
- Galmano - Beheer van Vrotpooltjie en Blaarroes
- Onder normale omstandighede sal Galmano Blaarroes beheer vir 'n periode van ongeveer **8- weke na opkoms**.

Enige saadverwante navrae kan gerig word aan:
Gerdus Steyn, Saad Afdelingsbestuurder
sel: 082 521 4515 / e-pos: gerdus.steyn@ssk.co.za

HAWER			
PALLINUP	50 kg	R 465.00	9.30
DUNNART	50 kg	R 490.00	9.80
SSH 421	50 kg	R 350.00	7.00
SSH 405	50 kg	R 350.00	7.00
SAIA	50 kg	R 633.00	12.66
HORSEPOWER	50 kg	R 770.00	15.40
SIMONSBERG	50 kg	R 530.00	10.60
SSH 491	50 kg	R 350.00	7.00
LUPIENE			
MANDELUP	50 kg	R 485.00	9.70
SSL 10	50 kg	R 485.00	9.70
LILA B	50 kg	R 867.50	17.35
VOERERTE			
SSL 10	50 kg	R 485.00	9.70



Gerdus Steyn
Saad-Afdelingsbestuurder



MARAIS PIENAAR EN DI HONIBALL-PIENAAR (VAN JAY DEE FARMS)

Dis einde Januarie in die Langkloof en die appel-en peerbome dra swaar dra aan die komende oes. Die weervoorspelling vir die Oos-Kaap voorspel goeie reën en die atmosfeer in die gesellige plaashuis op Jay Dee Farms is optimisties en vrolik. Di vertel dat sy in aanloop tot dié Wenakker storie vir die eerste keer die geskiedenis van die familieplaas nagevors het en hoe waardevol dit vir haar was. Sy vertel verder in haar eie woorde: "Jay Dee Farms is net buite Louterwater in die Langkloof geleë en produseer appels en pere vir die uitvoermarkt. Ons verpak en verkoel ook al ons vrugte self. Dit is ons familieplaas en ons is tans die 4de generasie Honiballs wat hier boer. Ek het die Honiball gedeelte aangeneem as my tweede naam, want ek is die laaste Honiball op Jay Dee Farms, aangesien daar nie seuns in die familie is nie.

My oupagrootjie, Thomas Edward Honiball (Oupa Eddie) wat in De Hoop naby Uniondale grootgeword en daar saam met sy broer geboer het, het in die laat 1920's die plaas Bruinklip in die Louterwater distrik gekoop en hom hier kom vestig. My oupa Johan Daniël Honiball was een van 3 seuns wat saam met oupa Eddie hier geboer het. Hulle het meestal met skape, koring en bietjie appels geboer.

Na matriek het my pa, Edward Honiball, dadelik kom boer saam met my oupa en sy 3 broers en in 1965 is my pa met my ma, Nerena Honiball getroud. Sy was 'n mooi Downing van Herbetsdale wat by Hoërskool McLachlan kom onderwys gee het. In 1967 is die Honiball familieplaas in 3 dele verdeel. Dit was die begin van ons familiebesigheid: JD Honiball en Seun Boerdery - Jay Dee (vernoem na my oupa).

Na die verdeling was daar baie min appelbome op die Jay Dee gedeelte en het my Pa dadelik begin boorde uitlê en bome plant. Dit het hulle onder geweldige finansiële druk geplaas en het baie ure van fisiese harde werk gekos. My pa was jonk en het met 'n absolute oorgawe geboer. Hy was nie bang om te waag en uit te brei nie.

In 1989 is ons lewens tot stilstand geruk toe my pa op 48 in 'n frats motorongeluk in die Langkloof oorlede is. My ma (46) het alleen agtergebly met 'n plaas, 2 dogters en 'n kleinsake onderneming in Louterwater. Die plaas was nog 'n jong opkomende boerdery, want kort voor my Pa se dood het hy die 2de gedeelte van die oorspronklike Honiball Broers plaas teruggekoop wat nog heeltemal ontwikkel moes word. Die drie plaasbestuurders het haar gelukkig aangemoedig om vir 'n jaar te wag, voordat sy oorhaastig 'n emosionele besluit neem om die plaas te verkoop. Na die eerste oes het sy gaan aanklop vir raad by die Universiteit van Stellenbosch se Bestuurskool wat haar met 'n langtermyn plan toegerus het.

In September 1989, kort na my pa se dood het sy die 3de gedeelte van die oorspronklike Honiball broers se plaas gekoop. So is Jay Dee Farms weer as die oorspronklike eenheid herstel. In die daaropvolgende 15 jaar het sy en haar bestuurspan Jay Dee Farms ontwikkel en opgebou tot 'n suksesvolle ekonomiese boerdery. Sy was 'n uitstekende besigheidsvrou en het 'n warmte teenoor mense gehad wat die beste in hul na vore gebring het.

In Augustus 2004 het ek en my man, Marais Pienaar deel geword van Jay Dee Farms toe my ma besluit het om "semi - af te tree" en in Jeffreysbaai gaan woon het, vanwaar sy haar Jay Dee satelliet kantoor beman het. Marais het op daardie stadium as Algemene Bestuurder van Jay Dee Farms die dag tot dag bestuur oorgeneem. Hy was Voorsitter van die Tuinroete Agri Raad ten tyde van die SSK oornam in 2013 en is tans nie-uitvoerende direkteur van SSK. In 2017 na my ma se skielike dood in 2016 het ek en Marais die familiebesigheid ten volle oorgeneem en ek het my volle gewig agter die administrasie van die plaas gesit. Ons sien elke dag my ouers se hand in ons boerdery en ons glo dat ons hulle drome vir die plaas uitleef om appels en pere van hoogstaande kwaliteit te lewer vir die uitvoermarkt".

Di se hande staan vir niks verkeerd nie en sy was instrumenteel in die ontstaan en sukses van die jaarlikse Langkloof Boeredag wat tydens die Bloeiselfees aangebied word ten bate van Hoërskool McLachlan. Sy het ook in 2004 die Langkloof Opleidingsentrum op Jay Dee Farms begin wat bydra tot die bemagtiging van 'n gemotiveerde en opgeleide werkerskorps op plase in die Langkloof.

Marais vertel dat hulle positief is oor die toekoms van landbou in ons land. "Ons missie is om elke dag voluit te boer en reg te boer en wat ookal die toekoms inhou - ons "tackle" dit soos dit oor ons pad kom. Sonder SSK kan ons nie ons besigheid suksesvol bedryf nie. SSK is die Langkloof produsente se vennoot wat bydra tot die volhoubare en suksesvolle bestuur van ons besighede. SSK se interaksie met die gemeenskap en betrokkenheid by sosiale geleenthede bou 'n positiewe beeld binne die gemeenskap en donasies en borgskappe vir die plaaslike skool, gholfklub en ander plaaslike gebeurtenisse word deur almal waardeur. SSK dra 'n beeld uit van langtermyn betrokkenheid binne die Langkloof en sy gemeenskap, met beleggings in die ekonomiese groei van ons streek. Dit is dus inderdaad soos wat SSK se leuse dit uitspel: 'n Werk Saam, Wen Saam situasie vir almal in die Langkloof".

Na my besoek is ek die diep onder die indruk van dié mooi plaas en die voetspore van sy mense wat onuitwisbaar daar vasgewortel is - karakters wat gevorm is deur jare se swaarkry, deurdruk en vasbyt.

SSK is trots op ons noue assosiasie met Jay Dee Farms. Die vrugte wat letterlik en figuurlik hier gepluk word is uitstekend.

- Annelie van Wyk



Die Pienaar gesin: Gemma, DI, Marais en Nerine-mari Pienaar.



JACQUES BUYS

(Senior Bestuurder: Informasie)



Jacques en Annemie Buys

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek en Annemie is vanjaar 18 jaar getroud en het 3 kinders, Natasha en ons tweeling Jan-Hendrik en Nadya. Natasha is sewentien en Jan-Hendrik en Nadya dertien. Annemie werk as Rekenmeester by die SSK filiale, Procuo Grain, Walts Malting en Blinkbeleg Vyftien.

Ek is 'n groot gholf liefhebber en jy sal my menige Saterdag saam met my seun of vriende op die gholfbaan kry. My grootste passie is egter motors, oud en nuut. Een van ons eerste karre was 'n Volla en tussen my en Annemie het ons al 21 motors gehad, meestal van verskillende fabrikate.

WAT DOEN JULLE GRAAG SAAM?

Ons is gelukkig almal lief vir die buitelewe en was tot onlangs bederf met my ouers wat op 'n plaas naby Barrydale gewoon het. Hulle bly nou lekker naby ons in Buffeljagsrivier. Ons kamp graag saam, braai 'n vleisie, of gaan vir 'n naweek weg na Paternoster, een van ons gunsteling dorpie. Ons beste gesinsvakansie ooit, was toe ons in die suide van Namibië getoer het. Ek en Annemie is baie lief vir stap in die mooi natuur rondom ons. Dis ons geselstyd.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS

Ek het matriek in 1995 by Hoërskool Montagu voltooi, waarna ek vir 3 jaar Interne Ouditkunde by vandag se CPUIT studeer het. As deel van ons prakties het ek vir 6 maande by Lewis Stores as junior interne ouditeur gewerk en die hele land vol gereis. Na Lewis het ek my klerkskap

by 'n eksterne ouditeursfirma, Nicol Bothma & Kie gedoen, maar na 18 maande het ek besluit ek wil eerder in die korporatiewe finansiële omgewing betrokke wees en sluit in 2000 by Bester Voer & Graanbeurs aan as Finansiële Rekenmeester. Op daardie stadium was ons net 5 personeellede en het nog vir die eerste paar maande uit Gustav Bester se huis gewerk.

In Augustus 2004 vra my ouers my om 'n afskrif van 'n advertensie vir 'n vakante pos op Montagu vir my boetie te maak wat in die Saterdag koerant was. SSK se advertensie en die ander pos se advertensie pas toe saam op een bladsy. Dit was dus so bestem dat ek net 'n maand later in September 2004, by SSK as Rekenmeester: Filiale en Interne Ouditeur kon begin. Gedurende my eerste 10 jaar by SSK was ek dus Interne Ouditeur, Rekenmeester Filiale en Senior Bestuurder Finansies en het in die proses onskatbare waarde ervaring opgedoen.

Sedert 2012 is ek Senior Bestuur Informasie. Ek was ook deel van die SSK besluit om in 2011 Soflutions te begin. Ek dien sedertdien as Voorsitter van die Soflutions direksie.

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

Ek is nie iemand wat my vreeslik steur aan prestasie & toekennings nie, maar vir my is dit sekerlik om deel te kan wees van SSK se senior bestuurspan. Ek is bevoorreg om 'n unieke loopbaanpad te kon stap en dit is 'n eer om vandag deel te wees van so 'n dinamiese en suksesvolle bestuurspan. Met SSK as Koöperasie is dit nie net die welvaart van SSK en sy

personeel wat vir ons ter sprake is nie, maar ook die van ons lede en hul gesinne.

Die daarstel en ontstaan van die SSK Informasie funksie was 'n groot uitdaging en dis ongelooflik om nou te begin sien hoe moeilike besluite wat jare terug geneem is, vandag vrugte afwerp en dat ons stelsel aanpasbaar en stabiel is en bly.

WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Deesdae voel die jare al hoe korter en voel 5 jaar terug soos gister. As ek vorentoe kyk en dink aan al die onsekerhede daar buite, sal ek graag wil sien dat SSK die standvastige en stabiele faktor in ons as personeel en die lede van SSK se lewens sal wees en dat ons saam sal werk en saam sal wen.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

Ek luister graag na ander se raad, veral as ek in die geselskap van ouer mense is, maar ek het my grootste lewensles gelukkig vroeg in my lewe geleer en dit is dat geloof in God die sleutel tot sukses is. My gunsteling teksvers is nog altyd Johannes 3:16.




Foto: Chris Heyneman

06/02/2019

Breederivier Swellendam. Ons staan in verwondering.

BREË BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING (SEB) / BROAD BASED BLACK ECONOMIC EMPOWERMENT (BBBEE)

SSK se nuuste SEB telkaart is in Desember 2018 uitgereik en 'n erkenningsvlak van 8 is behaal ingevolge die Agri Sektorkode. Gegewe SSK se koöporatiewe formaat word unieke uitdagings ervaar, veral ten opsigte van elemente soos eienaarskap. Daar is reeds wesenlike vordering gemaak ten opsigte van SSK se voldoening aan hierdie beginsels, maar nuwe wetgewing stel baie hoë eise waaraan voldoen moet word wat dit 'n groot uitdaging maak. SSK bly toegewyd daartoe om 'n daadwerklike verskil te maak in die gemeenskappe waar ons sake bedryf.

Kindly support us in our objective to improve on the SSK BBBEE compliance level. Please let us know if you are aware of any potential members that can contribute to the achievement of this objective.

Contact Andre Joubert at 028 514 8642 / andre.joubert@ssk.co.za in this regard.

SSK KREDIET/LANDBOUDIENSTE

SSK het 'n span van 6 Landbouvoorligters (Akkeerboukundige, Veekundige en 4 Landbou-Ekonomie) wat relevante landbou advies gratis aan lede van SSK verskaf.

- Die akkeerboukundige verskaf akkeerbouervante inligting aan produsente ten opsigte van kultivars, bemesting, gewasrotasies, onkruid- en siektebeheer in gewasse.
- Die veekundige verskaf veeverwante inligting aan produsente ten opsigte van diervoeding, teling, algemene bestuur en basiese dieregesondheid.
- Die landbou-ekonomie verskaf ekonomies verwante inligting aan produsente ten opsigte van produksiekostes, masjineriekostes, begrotings en huurtariewe vir grond en diere. Die landbou-ekonomie is ook mede-verantwoordelik vir kredietbeheer.

LANDBOU-EKONOME / KREDIETBESTUUR

SWELLENDAM



Senior Bestuurder:
Krediet en Landbou-Ekonomie
André Joubert
andre.joubert@ssk.co.za

HEIDELBERG



Senior Bestuurder:
Admin en Krediet
Koos van Zyl
koos.vanzyl@ssk.co.za

VEE



Veekundige
Henk Schuurman
henk.schuurman@ssk.co.za

AKKERBOU

MOSSELBAAI



Kredietbestuurder en Landbou-Ekonomie
Diaan Oosthuizen
diaan.oosthuizen@ssk.co.za

MOSSELBAAI



Senior Kredietbestuurder en Landbou-Ekonomie
Willem Burger
willem.burger@ssk.co.za


RIVERSDAL



Kredietbestuurder en Landbou-Ekonomie
Nico de Wet
nico.dewet@ssk.co.za



Akkeerboukundige
Pieter Blom
pieter.blom@ssk.co.za



Henry van Niekerk, Senior Bestuurder: Meganisasie verlaat SSK einde Februarie 2019, wanneer hy na 8 jaar diens aftree. Ons bedank hom vir goeie diens gelewer. Op 1 Maart vertrek hy en sy vrou, Magriet, met die karavaan vir 'n 2 jaar lange toer. Hulle gaan die kuslyn van Lutzville tot by die Visrivier toer, en dan die Laeveld en Bosveld. Daarna sal hulle besluit waar op die kus hulle gaan aftree. Ons wens hulle alles van die beste toe. (Henry laat 'n mens uitsien na aftrede!)



Patrick Nelissen neem vanaf 1 Maart 2019 die leisels by Henry van Niekerk oor. Hy het by RAU die BA (LLB) graad verwerf en begin sy loopbaan by die Premier Groep in die bakkerij bedryf. Sy eerste toetreding tot die landbou was by Afgri (OTK) te Bethal as Streeksbestuurder. Later was hy die Hoofbestuurder vir Afgri se handelstakke sowel as die Besturende Direkteur van die groothandelhandelaar, Partrite, in Bethlehem. Daarna het hy na Suidwes Landbou gegaan as Hoofbestuurder: Handel en was later die Hoof Operasionele Beampte. Die New Holland agentskap was ook in die tydperk onder sy bestuur. Ons sien uit die waarde wat Patrick tot SSK Meganisasie gaan toevoeg.



**FOKUS
OP**

AGRILAND MOSSELBAAI



Ek loop Isabel Geldenhuys, die Takbestuurder van AgriLand Mosselbaai middel Desember 2018 in dié baie besige tak raak. Die gange is vol vakansiegangers en plaaslike en gereelde kliënte laai hulle trollies propvol. Daar heers 'n vrolike stemming en die bemarkers hardloop rond om almal tevrede te hou. Dis opmerklik hoeveel mense op hulle name gegroet word en Isabel glo dit is deel van hulle sukses. Sy glimlag breed: "Ek is mal oor die tyd van die jaar. Ons winkel kóók en vakansiegangers bel gereeld in die middel van die jaar om bestellings te plaas!"

Die Mosselbaai AgriLandtak kry gereeld komplimente van binnelanders wat erken dat die Koöperasie elke jaar hulle heel eerste stop is. 'n Gereelde kliënt van die binneland wil selfs sy plaaslike koöperasie tak se bestuurder vir 'n week in sy vakansiehuis laat bly, sodat hy hier kan kom kers opsteek!

Einde Desember het Isabel die tradisionele klok gelui wat beteken dat die tak sy begroting vir Desember 2018 gemaak het. 50,000 transaksies is in die maand in die AgriLand, Bonjour en Der Keldermeister afgehandel. 'n Mens kan dus raai dat daar ten minste 50 000

klante die tak tydens Desember besoek het.

Volgens Isabel neem die 63 werknemers eienaarskap van hulle tak en elkeen is trots op wat die tak bereik. Die bemarkerspan is opgelei om spesialis advies aan lede en klante te verskaf, aangesien hulle weet: Tevrede klante sal altyd terugkom.

Besoek gerus die tak as jy weer in die kontrei is en beleef eerstehands dat goeie diens hier ononderhandelbaar is.

- *Anne'ie van Wyk*



HARVEST NEWS FROM THE LANGKLOOF

Producers are grateful that good rain has filled up the Langkloof's farm dams, used for irrigation of the area's apples, pears, stone fruit and blueberries.

Growers say apple- and pearharvests are looking better than in 2018 and they are relieved that there has been no hail thus far. Harvesting is currently under way and we wish all our producers the very best.

Eureka Mills
www.eurekamills.co.za

*Top gehalte meel op jou voorstoep.
Koop jou meel vir tuisgebak by Agriland vandag.*



LANGDIENS ERKENNING

45 JAAR: Moos Kolobile

30 JAAR: Dial Slingers

25 JAAR: Ocktober Bezuidenhout

20 JAAR: Maria Matthysen,
Michelle Kluyts

15 JAAR: Daniel Conradie,
Marjorie Prins

10 JAAR: Kobus Swart,
Angelique Rademeyer,
Andre van Wyk,
Nontsikelelo Mdliwa,
James Fielies



Moos Kolobile (links) het in 1974 by LBK (nou SSK) begin werk as 'n 14- jarige. Adam de Vos (Takbestuurder Avontuur), wens hom geluk met 45 jaar diens. Voorwaar 'n groot prestasie vir dié vasbyter.

SSK SE JONG BOERE



Phillip Jonker help pars op Jakkalsvlei.



Isabella van der Berg is reg vir boer in haar SSK oorpakkie.



Daniël van Deventer maak reg vir die Heidelbergskou.



Joah Fourie, Uniondale, meet die uie oes.

TOP 10 WINES

DER KELDERMEISTER

1. Van Loveren Pinotage
2. Jakkalsvlei La Perlé Rosé
3. Van Loveren Sauvignon Blanc
4. Bon Courage Blush Vin Doux
5. Springfield Life from Stone Sauvignon Blanc
6. Unbelievable Dry Red
7. Koelenhoffer Off Dry Sauvignon Blanc
8. Jakkalsvlei Coffee Pinotage
9. Bon Courage Sauvignon Blanc
10. Koelenbosch Merlot

REËNVAL IN STREKE

STREEK	NOV 2018	DES 2018	JAN 2019
Aberdeen	5mm	0mm	22mm
Albertinia	55mm	9mm	13mm
Ashton	19mm	15mm	0mm
Avontuur	88mm	23mm	20mm
George	148mm	34mm	34mm
Heidelberg	43mm	8mm	13mm
Herold	26mm	10mm	2mm
Joubertina	46mm	12mm	5mm
Karringmelks	40mm	2mm	8mm
Knysna	167mm	51mm	45mm
Misgund	78mm	14mm	13mm
Mosselbaai	25mm	15mm	16mm
Protom	24mm	26mm	10mm
Plettenbergbaai	106mm	22mm	36mm
Riversdal	35mm	15mm	3mm
Swellendam	41mm	28mm	10mm

Let wel: Reënval mag verskil weens plek van meting in dorp streek



MENSE EN DINGE



AgriLand Swellendam het PPC se feestyd-kompetisie gewen vir die beste uitstalling. V.l.n.r. die AgriLand personeel: Cedric Swanepoel, Sanet Slingers, John Carolus (PPC), Khalazile Dudumayo en Sibongiseni Majali.



Polkadot mooi in Avontuur: Marietjie Kemp, Anlie Scott en Elisna Steyn.




Heidelberg Landbouskou: Dupie du Plessis en Jaco Uys by die SSK Meganisasie uitstalling.



V.l.n.r: Zeta Birch, Francois Pienaar en Lillien de Jager by Riversdal se Greenfingers Tuinbouklub byeenkoms wat onlangs by Doornkraal gehou is.



Gesellig by die Damestee Heidelberg Landbouskou.



Langkloof appels oppad na die oorsese fynproewers.



CALTEX N2

SSK se nuwe Heidelberg Caltex N2 vulstasie, is net betyds vir die besige seisoen, ingewy op 13 Desember 2018. Hierdie pitstop bied alles wat 'n moeë reisiger sal opkikker soos vyfster ruskamers, Seattle koffie, Freshstop, Spur Grill en 'n "Go" KFC. Te veel om op te noem en uithaler diens is 'n gegewe.

V.l.n.r.: Pierre Erasmus (besturende direkteur - Moov Fuel), Fourie Bornman, Naseen Fataar (hoofverwante bestuurder - Astron Energy), Duncan Werner (hoofbedryfsbeampte: Spur Grill & co), Johan Le Roux (aankoopbestuurder: SSK), Henk Lubbe (hoof bedryfsbeampte Wes-Kaap - Freshtop).